'N HANDVES VAN VERANTWOORDELIKHEDE

Aanhef

Ek aanvaar die oproep tot verantwoordelikheid wat voortvloei uit die vele regte en vryhede wat ek besit as gevolg van die opoffering en lyding van mense in die verlede. Ek respekteer die feit dat die regte soos vervat in die konstitusie van die Republiek van Suid-Afrika onlosmaaklik deel is van my pligte en verantwoordelikhede teenoor ander. Daarom aanvaar ek dat elke reg 'n stel verantwoordelikhede impliseer.

Hierdie Handves omskryf die verantwoordelikhede wat voortvloei uit elke reg wat verwoord word in die konstitusie van die Republiek van Suid-Afrika.

My verantwoordelikheid om die reg op gelykheid te verseker

Die reg op gelykheid plaas die volgende verantwoordelikhede op my:

> Behandel alle mense gelyk en regverdig.
> Moenie onregverdig teenoor mense diskrimineer op grond van hul ras, geslag, huwelikstatus, etniese of sosiale agtergrond, kleur, seksuele oriëntasie, ouderdom, godsdiens, gebrek, geloof, gewetensbesware, kultuur, taal of geboorte nie.

Suid-Afrika is 'n nasie van verskeidenheid en gelykheid impliseer nie eenvormigheid of dat ons almal dieselfde moet wees nie. Ons land se leuse beteken "Diverse mense verenig". Hierdie leuse doen 'n oproep tot ons almal om te bou aan 'n gemeenskaplike gevoel van nasionale trots en om te behoort. Sodoende vier ons juis die andersheid wat ons maak wie ons is. Dit roep ons ook op om in vriendskap en warmte uit te reik na alle nasies en alle mense op die aarde in 'n poging om 'n beter wereld te skep.

My verantwoordelikheid om die reg op menswaardigheid te verseker

Die reg op menswaardigheid plaas die volgende verantwoordelikhede op my:
Behandel mense met eerbied, respek en waardigheid.

> Wees goedhartig, barmhartig en sensitief teenoor alle mense. Groet hulle hartlik en toon respek teenoor hulle.

My verantwoordelikheid om die reg op lewe te verseker

Die reg op lewe plaas die volgende verantwoordelikhede op my:

> Beskerm en verdedig die lewens van ander.
> Moenie die lewe van ander in gevaar stel deur gevaarlike wapens te dra of deur roekeloos op te tree en ons reëls en wette te verontagsaam nie.
> Leef 'n gesonde lewe deur te oefen, gesond te eet, nie te rook en alkohol te misbruik of dwelms te gebruik nie. Moenie onverantwoordelike gedrag openbaar wat daartoe kan lei dat jy of ander besmet raak met ongeneeslike siektes soos MIV en VIGS nie.

My verantwoordelikheid om die reg op 'n familie en ouerlike versorging te verseker

Hierdie reg vereis van my om

> my ouers te eerbiedig en te respekteer en om hulle te help.
> goedhartig en lojaal te wees teenoor my familie, broers, susters, grootouers en al my naasbestaandes.
> te erken dat liefde 'n langtermyn verantwoordelikheid is en dat ek 'n verantwoordelikheid het om by te dra tot liefdevolle en sterk families.

My verantwoordelikheid om die reg op onderwys te verseker

Die reg op onderwys plaas die volgende verantwoordelikhede op my:

> Woon gereeld skool by en leer en werk hard en pligsgetrou.
> Werk saam met onderwysers en mede-leerders op 'n wyse wat daarop dui dat jy hulle respekteer.
> Kom die reëls en gedragskode van die skool getrou na.
> Hiermee saam word die verantwoordelikheid op my ouers geplaas om my te ondersteun en te verseker dat ek getrou en gereeld skool bywoon.
> Die verantwoordelikheid word op my onderwysers geplaas om die kultuur van leer en onderrig te bevorder en uit te leef.

My verantwoordelikheid om die reg om te werk te verseker

Hierdie reg plaas die verantwoordelikheid op alle leerders, ouers, versorgers en onderwysers om

> hard te werk en ons beste te lewer in alles wat ons doen.
> te erken dat dit harde werk verg om 'n goeie en suksesvolle lewe te lei en dat enigiets wat die moeite werd is slegs deur harde werk bereik kan word.
> Hierdie reg moet nooit misbruik word deur kinders bloot te stel aan kinderarbeid nie.

My verantwoordelikheid om die reg op vryheid en sekuriteit vir alle mense te verseker

Die reg op vryheid en sekuriteit vir alle mense word instand gehou deur

> ander nie seer te maak, af te knou of te intimideer nie en mense te verhoed om dit aan ander mense te doen.
> enige probleem op 'n vreedsame wyse op te los.

My verantwoordelikheid om die reg om eiendom te besit te verseker

Die reg om eiendom te besit plaas die volgende verantwoordelikhede op my:

> Respekteer ander mense se eiendom.
> Wees trots op en beskerm private sowel as openbare eiendom en moet niks neem wat nie aan jou behoort nie.
> Gee mildelik aan welsynsorganisasies en ander goeie sake indien dit binne jou vermoë is.

My verantwoordelikheid om die reg op vryheid van godsdiens, geloof en opinie te verseker

Die reg op vryheid van gewete plaas die volgende verantwoordelikhede op my:

> Laat ander toe om die godsdiens van hul keuse te beoefen en om hul eie geloof en opinies te hê sonder vrees vir vervolging of vooroordeel.
> Respekteer die geloof en opinies van ander en hul reg om hulself daaroor uit te spreek selfs al verskil jy drasties daaroor. Dit is wat 'n vrye demokrasie beteken.

My verantwoordelikheid om die reg om in 'n veilige omgewing te leef, te verseker

Hierdie reg impliseer die volgende:

> Bevorder volhoubare ontwikkeling asook die bewaring van die natuurlike omgewing.
> Beskerm plant- en dierelewe, voorkom besoedeling, moenie rommelstrooi nie en verseker dat ons huise, skole, strate en ander openbare plekke skoon en netjies is.
> In die konteks van klimaatsverandering het ons 'n verantwoordelikheid om te verseker dat ons nie met skaars hulpbronne soos water en elektrisiteit mors nie.

My verantwoordelikheid om die reg op burgerskap te verseker

Die reg op burgerskap impliseer dat ons almal goeie en lojale Suid-Afrikaanse burgers sal wees. Dit beteken ons het 'n verantwoordelikheid om

> die wette van ons land te gehoorsaam.
> te verseker dat ander ook die wette gehoorsaam.
> op elke moontlike manier te verseker dat Suid-Afrika 'n wonderlike land is.

My verantwoordelikheid om die reg op vryheid van spraak te verseker

Die reg op vryheid van spraak is nie onbeperk nie en laat ons nie toe om

> opinies te lug wat haat aanwakker of gebaseer is op vooroordele ten opsigte van ras, etnisiteit, geslag of geloof nie.
> Ons moet daarom verantwoordelikheid aanvaar om te verseker dat hierdie reg nie misbruik word deur onsself of ander deur leuens te vertel of te versprei nie en om te verseker dat ander nie beledig word of dat hul gevoelens seergemaak word nie.

Samevatting

Ek aanvaar die oproep vervat in hierdie Handves van Verantwoordelikhede en onderneem om my regmatige plek as 'n aktiewe en verantwoordelike burger van Suid-Afrika te wees. Deur hierdie verantwoordelikhede te aanvaar en uit te leef dra ek daartoe by om 'n samelewing te skep wat my trots sal maak om 'n Suid-Afrikaner te wees.